

# OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

## ELEKTRIESE DIENSTE



Lêerverwysing: 16/2/3/1

Datum Hersien: 09 Januarie 2020

### ELEKTRIESE RIGLYNE VIR DIE OVERSTRAND AREA VAN VOORSIENING

Hierdie riglyne moet gelees word saam met die Elektrisiteitsvoorsiening verordeninge van die Overstrand Munisipaliteit soos aangekondig op 21 Oktober 2016 in die Provinsiale Gazette 7692

#### 1. STANDAARD VOORSIENING

- 1.1 Slegs een aansluiting sal toegelaat word per erf en alle Huishoudelike verbruikers sal gemeet word by wyse van 'n Voorafbetaalde meter. Slegs een meter per erf sal toegelaat word of soos goedgekeur deur die Departement Elektriese Dienste. In geval van 'n onderverdeling, sal 'n ontwikkelingsbydrae toepaslik wees.
- 1.2 **Sou 'n diensaansluiting, wat nie aan die standaard aansluitingskriteria soos onder vermeld voldoen nie, benodig word, moet die Elektriese Departement geraadpleeg word om die relevante aansoek dokumentasie en kostes te bekom.**

	60 Amp Enkel Fase	20 Amp Drie Fase	40 Amp Drie Fase	60 Amp Drie Fase
HUISHOUDELIK (Slegs voorafbetaalde meters)	X	X	-	-
KOMERSIEEL	X	X	X	-
INDUSTRIEEL	X	X	X	X

#### 2. VEREISTES VIR AANSLUITINGS

Geen aansluiting sal geskeduleer word tensy:

- 2.1 Aansluitingsfooe en verbruikersdepositos ten volle betaal en AANVANGSVORMS ingehandig is nie.
- 2.2 Die kabel sloot (wat parallel loop met die erfgrêns) vanaf die erfgrêns na die aansluitingspunt gemaak is. Die minimum diepte van 'n sloot is 750mm, tensy die kabel meganies beskerm is.
- 2.3 'n Baksteen pilaar/muur gebou word op die posisie soos aangedui deur 'n gemagtigde persoon van die Elektriese Departement. 'n Meter/aansluitingskas van roesvrye materiaal moet in die baksteen pilaar/muur ingebou word (sien aangehegde tekening), op die hoek naaste aan die straat erfgrêns en die punt van voorsiening. Die aansluitingskas moet ongeveer 1,2 meter vanaf die finale grondvlak geïnstalleer word. Geen geboude muur/pilaar word vir Voorafbetaalde aansluitings benodig in die Hermanus/Kleinmond area nie.
- 2.4 'n Geregistreerde elektriese 'n sertifikaat van nakoming (SVN) kan uitreik vir die installasie.

#### 3. BELANGRIKE NOTAS

- 3.1 Die Munisipaliteit sal dienskabels installeer tot op die erfgrêns. Die eienaar se kontrakteur sal by die dienskabel by die baksteen pilaar/muur op die erfgrêns aansluit. Die eienaar/kontrakteur is verantwoordelik om vooraf te bevestig aan watter kant van die erf die elektriese aansluiting geplaas moet word. Alle dienskabels geïnstalleer deur die eienaar/kontrakteur sal dieselfde tipe en grootte wees as wat gebruik word deur die munisipaliteit wat normaalweg 16mm<sup>2</sup> SWA PVC of in sommige gevalle 16mm<sup>2</sup> Airdac is. Kry asseblief duidelikheid vanaf die elektriese departement in u area.
- 3.2 Sou die baksteen pilaar/muur met die aansluitingskas nie op die regte plek en hoogte geplaas word nie, moet die elektriese kontrakteur/eienaar, op sy eie onkoste, die kas herposisioneer.
- 3.3 Standaard aansluitings sal voorsien word binne die tydperke gestipuleer in NRS047. Indien 'n aansluiting nie voltooi is nie as gevolg van 'n tekortkoming of nalatigheid aan die aansoeker se kant, sal 'n uitroepfooi gehef word en die werk sal geherskeduleer word tot die tekortkoming of nalatigheid reggestel is.
- 3.4 Dit is belangrik dat die eienaar Telkom kontak indien 'n aansluiting vir 'n ondergrondse telefoonkabel benodig word.
- 3.5 Geen geslote deure/hekke mag toegang tot 'n meter versper nie.
- 3.6 In gevalle waar 'n inrit op 'n sygaardjie geplaas of geteer gaan word, moet 'n hulspyp ooreenkomstig die vereistes van die Elektriese Departement geïnstalleer word (110mm deursnee.)

#### 4. AANBOUINGS/NUWE PERSELE

Die verbruiker moet die munisipaliteit ten minste tien (10) werksdae voordat die diens benodig word, in kennis stel/kontak (slegs vir nuwe aansluitings.)  
Let asseblief daarop dat elektriese voorsieningskabels slegs gekonnekteer mag word, wanneer die sertifikaat van nakoming vir hierdie installasie aan die voorsieningsowerheid getoon is.

#### 5. HOOF DISTRIBUSIEBORD

Die hoofskakelaar of hoof distribusiebord moet die dubbel pool tipe wees met 'n oorstroom beskerm (SPN) van maksimum 60 Amp wat die lewendige en neutrale geleiers breek. (Aardlekkasie is ontoelaatbaar).

'n 15 Amp lasbeheertoestel (ECU) moet op die distribusiebord geïnstalleer word.

#### 6. AARDING

'n Aardpen of sloot aarding kan gebruik word. Aarding moet voldoen aan die spesifikasies soos neergelê deur SANS 0142. Die ideale lesing is 2 OHM, maar die lesing mag nie 10 OHM oorskry nie.

#### 7. TYDELIKE ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Tydlike voorsieningspunte sal net vir 12 maande geldig wees.

U samewerking word waardeskat.

Die Uwe

Senior Bestuurder: Elektriese Dienste